**Die verbond met Dawid (OP194)**

**2 Sam 7:1-17**

**20 Oktober 2024**

Laasweek het ons stilgestaan by daardie heerlike geskiedenis toe Dawid die verbondsark in Jerusalem ingebring het. Ons het gesien dat dit geskiedenis is wat ryklik gelaai is met simboliek. Ek herhaal die opsomming wat ons laasweek ontwikkel het: Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid). Daar bring hulle offers aan die Here (simbool van die lofoffers wat gelowiges in die nuwe Jerusalem aan die Here sal bring) en hulle ontvang brood en koeke van Dawid (simbool van gelowiges wat aan die bruilofsmaal mag aansit saam met die Bruidegom, die Priesterkoning). Dit is ook in Jerusalem wat Dawid vir jare sou regeer (simbool van die troon van God en die Lam wat vir ewig in die nuwe Jerusalem sal wees). Maar in Jerusalem was daar 'n Migal wat Dawid verag het – daarteenoor sal daar in die nuwe Jerusalem nie iemand wees wat nie die Priesterkoning eer nie.

Vandag wil ek stilstaan by 2 Sam 7 – dit is die hoofstuk waar ons lees van die oprigting van die verbond met Dawid. Nadat ons reeds vir 7 weke gekyk het na die geskiedenis met Dawid, bereik ons nou uiteindelik die punt waar die Here met Dawid 'n verbond gesluit het. Ek is oortuig dit is belangrik om die opbou na die sluit van hierdie verbond te verstaan as ons werklik hierdie verbond na waarde wil skat. Ek wil vandag grotendeels daaraan spandeer om 2 Sam 7 te oordink, en om oor die betekenis van die hoofstuk te dink in terme van die openbaringsgeskiedenis wat dit vooraf gegaan het. Ek gaan relatief min sê oor die ontwikkeling van hierdie verbond in die opvolgende openbaringsgeskiedenis – ek hoop om volgende week daaraan aandag te gee. Vandag wil ek die volgende punte bespreek: (1) Dawid se voorneme (v1-3), (2) Die Here bevraagteken Dawid se voorneme (v4-7), (3) Die Here verfris Dawid se geheue (v8-11a), (4) Die Here sluit die verbond met Dawid (v11b-16), en (5) Die betekenis van die verbond met Dawid.

<u>Dawid se voorneme (2 Sam 7:1-3)</u>

In vers 1 lees ons dat Dawid in sy paleis gewoon het. Laasweek het ons in 2 Sam 5 gesien Dawid het Jerusalem ingeneem en daar gaan woon het. As ons nou lees dat Dawid in sy paleis woon, moet ons waarskynlik aflei dat heelwat tyd intussen verloop het, waartydens Dawid sy paleis gebou het. Ons lees ook dat die Here aan hom rus gegee het van sy vyande rondom hom. In 2 Sam 8 word detail gegee van oorwinnings wat Dawid behaal het – dit is nie presies duidelik of al daardie oorwinnings voor 2 Sam 7 behaal is of nie. In elk geval was daar later in Dawid se lewe ook steeds oorloë – so ons moet aflei dat die rus wat die Here vir Dawid gegee het nie 'n algehele rus was nie – miskien eerder 'n korter periode van rus, of dalk selfs net 'n periode van relatiewe rus.

In vers 2 lees ons van Dawid se voorneme: Dawid sê vir Natan, die profeet en ook 'n raadgewer vir Dawid, dat hy in 'n paleis van sederhout woon, terwyl die ark van die Here in daardie tent staan wat hy opgerig het toe hulle die ark Jerusalem toe gebring het. As jy vers 7 ook lees, dan word dit duidelik dat Dawid van voorneme was om vir die Here 'n huis te bou – en daardie huis moet indrukwekkend wees, dit moet 'n huis van sederhout wees – soos sy eie paleis. Hierdie voorneme van Dawid was nie so uit die lug gegryp as wat ons geneig is om te dink nie. Lees Deut 12:9-11. In hierdie verse lees ons dat Moses al destyds op die Moabsvlakte vir die volk gesê het dat wanneer hulle in die beloofde land aankom, sal daar 'n tyd kom dat die Here aan hulle rus sal gee van hulle vyande. En wanneer dit gebeur sal die Here aan hulle een sentrale plek uitwys waar hulle voortaan

moet vergader vir hulle diens aan die Here – dit is op die plek wat hulle voortaan hulle offers moet bring. Wel, teen die tyd van 2 Sam 7 is die volk in die beloofde land, Dawid het Jerusalem ingeneem en die ark van die Here soontoe gebring, en boonop het die Here ook nou nog vir hom rus gegee van sy vyande. Dit lyk dus na die geleë tyd om uit te voer wat die Here deur Moses gesê het hulle moet doen. Siende dat hulle in die woestyn hulle offers juis by die tabernakel gebring het, daarom maak Dawid die gevolgtrekking die verantwoordelike ding om te doen is om nou 'n tempel te bou in Jerusalem as sentrale aanbiddingsplek – en hierdie tempel moet van sederhout wees. Natan het Dawid gesteun in sy voorneme.

Die Here bevraagteken Dawid se voorneme (2 Sam 7:4-7)

Alhoewel Natan aanvanklik gedink het Dawid se voorneme was goed, het die Here daardie nag aan hom verskyn, en hom na Dawid toe gestuur met 'n boodskap. Let op hoe die Here vir Dawid aanspreek: Dawid is Sy dienskneg – ja, Dawid is koning oor die hele Israel, maar t.s.v. sy verhewe posisie is hy maar net 'n dienskneg van die Here. Die eerste vraag wat die Here aan Dawid vra, is: "Gaan jý vir My 'n huis bou?" Die eerste punt van kritiek van die Here is dat Dawid, wat die Here se dienskneg is, nou die inisiatief wil neem om vir die Here 'n huis te bou. Dit is nie vir Dawid om te besluit nie.

Dan gaan die Here voort en Hy herinner Dawid daaraan dat Hy, sedert Hy die volk uit Egipte verlos het, nog altyd in 'n tent, die tabernakel, onder die volk gewoon het, en sodoende kon Hy saam met die volk trek. Ons lees nie dat Dawid hierop gereageer het nie, maar ons kan ons indink dat Dawid sou wou redeneer: Ja, dit is so. Maar nou is die volk in die beloofde land, en Jerusalem is die plek van waar hy oor die volk regeer, en die Here het aan hulle rus gegee, en die Here het destyds al gesê daar moet 'n sentrale plek van aanbidding wees. Laat ons dan nou 'n indrukwekkende tempel vir die Here bou. Dit is tog nie so onlogies nie, is dit? Maar die Here redeneer verder en sê dat Hy nog nooit vir enige stam wat op enige stadium leiding onder die volk moes neem, die opdrag gegee het dat hulle vir Hom 'n huis van sederhout moet bou nie. Hoe moet ons dit verstaan, veral as ons in gedagte hou wat Moses al destyds vir die volk gesê het? Dit lyk vir my of die Here nie soseer gekant is teen die sentrale plek van aanbidding nie, en selfs ook nie teen die bou van die tempel nie – immers sal ons later in die hoofstuk sien, die Here het toestemming gegee dat 'n tempel gebou mag word. Dit lyk vir my die Here is gekant teen die tempel van sederhout – m.a.w. teen die feit dat Dawid 'n indrukwekkende tempel wou bou. Dit is eenvoudig nie wat vir die Here belangrik is nie.

Dink terug aan ons studie oor die tabernakel. Destyds het die Here self die inisiatief geneem en die opdrag gegee die volk moet die tabernakel bou. Die Here het ook die fynste detail gegee van presies hoe die tabernakel moes lyk. Die volk moes seker maak dat hulle dit presies bou volgens hierdie voorskrifte – en die rede hiervoor was omdat die Here met die tabernakel 'n baie diep betekenis in gedagte gehad het – dit moes die Here se verlossingsproses uitbeeld. Dit moes die Here se boodskap akkuraat uitbeeld. Kom ons wees nou maar eerlik, die tempel wat Salomo wel op die ou end gebou het, was menslik gesproke baie meer indrukwekkend as die tabernakel. Maar ons lees nêrens dat die Here die detail voorskrifte vir Salomo gegee het nie – dit lyk eerder of dit gebaseer was op idees van Salomo en ook Dawid. Ja, die basiese uitleg was dieselfde – 'n voorhof, 'n heilige en 'n allerheiligste. Maar daar was nie 'n dieper betekenis in die tempel opgesluit as wat alreeds in die tabernakel opgesluit was nie. Al met al lyk dit vir my of ons moet raaksien dat die Here nie gekant is teen die idee van 'n sentrale plek van aanbidding nie, Hy is ook selfs nie gekant teen die bou van die tempel nie – maar die tempel van sederhout beïndruk die Here nie. Wat die Here met die tempel wil kommunikeer, kon Hy alreeds effektief kommunikeer met die eenvoudige tabernakel.

Die Here verfris Dawid se geheue (2 Sam 7:8-11a)

In verse 8-11a verfris die Here Dawid se geheue rakende ‘n paar sake. Die eerste saak waaraan die Here Dawid herinner, is hoe Dawid se persoonlike geskiedenis ontwikkel het: Dit was die Here wat Dawid destyds uit die weiveld egter die kleinvee gaan uithaal het. Dit was die Here wat hom as leier aangestel het oor die volk. Dit was ook die Here wat Dawid tot dusver suksesvol gemaak het deurdat hy sy vyande kon oorwin en nou rus kon ervaar. Die Here herinner Dawid daaraan dat dit die Here was wat al hierdie dinge bewerk het.

Maar dan gaan die Here verder en Hy herinner Dawid aan die groter prentjie waarmee die Here al vir eeue lank besig is om te werk. En die doel is dat Dawid moet raaksien dat wat besig is om met hom te gebeur, deel is van hierdie baie groter prentjie. Die Here gaan terug en herinner Dawid aan twee vorige verbonde. In vers 9b sê die Here vir Dawid Hy sal vir Dawid ‘n groot naam maak soos die naam van die grotes op aarde. Hierdie belofte van die Here is nie maar net om Dawid se beeld te bou nie – nee, Dawid moet raaksien dit is wat die Here al aan Abraham beloof het in Gen 12:2. Daar het die Here aan Abraham beloof Hy sal Abraham ‘n groot nasie maak, die Here sal hom seën en die Here sal Abraham se naam groot maak. Ja, dit is so, Dawid is suksesvol en hy oorwin sy vyande, en die gevolg is dat sy naam groot word onder die mense. Maar Dawid moet verstaan dit is die Here wat hom suksesvol maak, dit is ook die Here wat sy naam groot laat word – want dit is in lyn met wat die Here destyds al aan Abraham beloof het.

In verse 10 en 11 beloof die Here ook dat Hy vir die volk ‘n plek sal gee waar hulle kan woon sonder om te bewe van angs en sonder om deur skurke verdruk te word. Maar Dawid moet ook onthou dit is in lyn met wat die Here al destyds aan Abraham beloof het – dink maar aan Gen 13:14-15 waar die Here vir Abraham gesê het hy moet rondkyk na die noorde, die suide, die ooste en die weste, en alles wat hy sien sal die Here aan Abraham en sy nageslag gee vir altyd. Verder is dit ook in lyn met wat die Here destyds aan Moses gesê het in Eks 3:8 – daar het die Here beloof Hy sal die volk laat optrek uit Egipte uit na ‘n goeie en uitgestrekte land wat oorloop van melk en heuning. En die feit dat Dawid nou saam met die volk in die land woon en hulle vyande kon oorwin, is die gevolg van hierdie belofte van die Here.

Wat is die punt wat die Here aan Dawid wil maak? Die punt is Dawid moet verstaan die Here is besig met ‘n baie groter prentjie. Wat Dawid op die oomblik belewe is die resultaat van beloftes wat die Here alreeds vroeër in vorige verbonde gemaak het – die verbond met Abraham en die Sinaiverbond. Dawid moet verstaan hy is soos Abraham en Moses – soos wat die Here groot dinge vermag het deur hulle te gebruik in die sluit van daardie verbonde – so wil die Here nou ook vir Dawid gebruik in die verbond wat Hy op die punt is om met Dawid te sluit. Dawid moet verstaan hy is ‘n rolspeler in hierdie verbond met die doel om uit te beeld wat die Here wil uitbeeld. As die Here vir hom ‘n groot naam gaan gee, dan moet hy verstaan dit is omdat die Here daardie groot naam wil gebruik in hierdie groot prentjie openbaring waarmee die Here besig is.

<u>Die Here sluit die verbond met Dawid (2 Sam 7:11b-16)</u>

Vers 11b sê: “Die Here maak aan jou bekend...”Hierna volg die detail van wat die Here nou aan Dawid bekend wil maak, wat hierna volg is die inhoud van die verbond met Dawid. Die eerste stelling van die Here is: Hy sal vir Dawid ‘n huis oprig. Die woord “huis” kan een van drie betekenisse hê: (1) Dit kan eenvoudig ‘n fisiese huis beteken – maar siende dat Dawid reeds in ‘n paleis woon, is dit waarskynlik nie die betekenis hier nie. (2) Dit kan tempel beteken – immers wou Dawid vir die Here ‘n huis bou. Wel, die Here sal nooit vir ‘n mens ‘n tempel bou nie, dit sou teen die Here se wet wees. So, dit is ook nie die betekenis nie. (3) “Huis” kan ook koningshuis beteken – Dawid is immers die koning. En as die Here hier beloof dat Hy Dawid se huis sal bou, dan bedoel die Here dat Hy Dawid se koningshuis sal bou. Dit beteken dat die Here onderneem om vir Dawid ‘n dinastie te bou. Soos wat

ons die opvolgende verse oordink, sal dit nog duideliker word dit is wat die Here bedoel. Maar let solank op: Dawid wou vir die Here ‘n huis (oftewel ‘n tempel) bou, maar die Here onderneem om vir Dawid ‘n huis (oftewel ‘n koningshuis) te bou.

In vers 12 word dit duideliker wat die Here bedoel: Hier sê die Here daar gaan ‘n tyd kom dat Dawid gaan sterf. Maar, beloof die Here, dan sal Dawid se koningskap oorgaan op sy nakomeling wat uit sy liggaam sal voortkom – m.a.w. die Here beloof dat ‘n seun van Dawid sy koningskap sal oorneem na sy afsterwe. En boonop beloof die Here om die koningskap van Dawid se seun te vestig. Ek glo dit is nou duidelik dat die Here nie ‘n fisiese huis of ‘n tempel bedoel nie – die Here beloof Dawid se koningskap sal voortgesit word deur sy seun. Weereens moet Dawid kennis neem dat die Here besig is met ‘n groter prentjie. Hy, Dawid, gaan net vir ‘n wyle op die voorgrond wees en dan gaan hy sterf – maar die werk waarmee die Here besig is en dit wat die Here nou aan Dawid beloof, gaan verder strek as Dawid se lewe. Let ook daarop dat ons laasweek aan die einde van 2 Sam 6 gesien het dat Migal, Dawid se vrou, kinderloos gesterf het nadat sy Dawid verag het. Wat die Here nou hier beloof is dat dit glad nie Sy plan bedreig nie – natuurlik het Dawid meer vrouens gehad by wie hy wel kinders gehad het, en een van hulle sal in Sy plek koning word.

Ons lees hier van Dawid se nakomeling wie se troon die Here sal vestig. Die woord wat met “nakomeling” vertaal is, kan ook met “saad” vertaal word. Dit is dieselfde woord wat in Gen 3:15 vertaal is met die woord “nageslag” – daar handel dit oor die nageslag/saad van die vrou – aan die eenkant sou ons dink haar nageslag is baie mense, nageslag is dus meervoud. Maar ons lees tog ook “Hy (ekv) sal jou kop vermorsel”. Nakomeling/nageslag/saad kan dus of meervoud of enkelvoud wees. Dit word ook in Gen 12:7 gebruik as daar na die nageslag/saad van Abraham verwys word – so ook in Gen 17:7 – in hierdie gevalle het dit ‘n meervoud betekenis. Maar as ons terugkeer na vers 12 in 2 Sam 7, dan lyk dit of ons die enkelvoud moet verstaan – immers praat die res van die vers van “Ek sal sy (ekv) koningskap vestig”.

In vers 13 beloof die Here aan Dawid dat sy nakomeling wel vir die Here ‘n tempel sal bou. Dit bevestig dat die Here nie in beginsel teen die tempel is nie – Hy sê Dawid se nakomeling, dit is sy seun Salomo, mag wel vir die Here ‘n tempel bou. Maar dit is ook duidelik dat die Here eers vir Dawid ‘n huis gaan (begin) bou, en later kan Dawid se nakomeling die huis vir die Here bou. Let ook op: hier lyk dit weer of nakomeling ‘n enkeling is – naamlik Salomo. Maar dan voeg die vers ook by dat die Here sy, dit is nou Salomo, se koninklike troon vir ewig sal laat vasstaan. Wel, ons weet Salomo het Dawid opgevolg as koning, maar ons weet ook dat Salomo nie vir ewig geregeer het nie. Ons weet dat ook hy met verloop van tyd gesterf het, en toe is hy opgevolg deur sy seun, Rehabeam. Kyk ook na vers 16 waar die Here aan Dawid beloof dat sy huis, sy koningskap en sy troon vir altyd in stand sal bly. Dit blyk dus dat Dawid opgevolg sal word deur ‘n enkele nakomeling – dit is Salomo. Maar die Here beloof ook dat Salomo op sy beurt weer opgevolg sal word deur sy nakomeling – wat natuurlik ook ‘n nakomeling van Dawid is – en so sal Dawid se koningshuis, sy dinastie, sy koningskap, sy troon vir altyd in stand bly. Die eerste nakomeling is Salomo, en dan volg persone uit Dawid se nageslag.

In Vers 14 beloof die Here aan Dawid dat Hy vir Dawid se nakomeling ‘n vader sal wees, en die nakomeling sal vir die Here ‘n seun wees. Natuurlik moes Dawid direk die konneksie gemaak het met die vorige verbonde wat die Here gesluit het: In Gen 17:7 het die Here as deel van die Abrahamverbond aan Abraham beloof “Ek sal My verbond tussen My en jou en jou nageslag na jou handhaaf,... as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag na jou”. Netso het die Here in Eks 6:6 deur Moses aan die volk gesê: “Ek gaan julle as volk vir My neem, en Ek sal vir julle ‘n God wees”, en in Eks 19:5 het die Here bevestig dat die volk onder al die volke die Here se volk sal

wees. Wat Dawid, en ons, deeglik moet verstaan, is dat hierdie verbond met Dawid nie losstaan van die vorige verbonde met Abraham en die Sinaiverbond nie – nee, hulle is aanvullend tot mekaar.

Lees verse 14-15. Uit hierdie verse is dit baie duidelik dat die Here ook van die koningshuis van Dawid verwag dat elke opvolgende lid gehoorsaam sal wees aan die Here – elke koning uit Dawid se nageslag mag nie van die Here afdwaal nie. Natuurlik is dit ook in lyn met die Abrahamverbond – in Gen 17:9 het die Here vir Abraham gesê: "En jy, my verbond moet jy nakom, jy en jou nageslag na jou deur hulle geslagte heen". Dit is ook in lyn met wat die Here by Sinai aan die volk gesê het in Eks 19:5: "As julle dan nou getrou luister na My stem en my verbond nakom, dan sal julle onder al die volke my persoonlike eiendom wees". Natuurlik maak dit sin dat as die Here van elke lid van Abraham se nageslag en van elke lid van die volk verwag om gehoorsaam te wees aan die Here, dat die Here dit ook van die koningshuis sou verwag, soos wat hulle opeenvolgend oor die volk sal regeer. En as hulle dit nie doen nie, dan gaan die Here hulle straf – Hy gaan hulle straf met stokke en houe wat manne toedien. Ek hoop jy sien die krisis wat steeds bestaan raak: Ons het gesien dat die Here vraagstuk 1, die sondeskuld-kwessie, gaan aanspreek deur die werk van die hoëpriester, ons het ook gesien die Here gaan vraagstuk 3, die vermorseling van die duiwel se kop, aanspreek deur die werk van die koning – maar dit laat steeds vraagstuk 2 onbeantwoord – dit is die vraagstuk van ons sondegeneigdheid. Die geskiedenis het oor en oor bewys al die mense, selfs Abraham, Moses en Eli, het iewers in sonde geval. En ons sal spoedig sien selfs Dawid het in sonde geval. Maar die Here verwag steeds gehoorsaamheid van die volk – en veral ook van hulle koning. Hierdie vraagstuk het steeds 'n antwoord nodig.

Alhoewel dit nie presies aanspreek hoe die Here vraagstuk 2 gaan aanspreek nie, sê die Here wel in vers 15 dat Hy nooit Sy troue liefde van Dawid se koningshuis sal laat wyk nie – soos wat die Here se troue liefde van Saul gewyk het nie. Wat die Here hier beloof is aangrypend: Selfs al sal die koningshuis van Dawid ongehoorsaam wees aan die Here – die Here se troue liefde sal nie van die huis wyk nie – ja, die Here sal hulle straf, as hulle Vader, maar Hy sal hulle nie verwerp nie – Sy troue liefde sal nie van hulle wyk nie.

Hoekom het die Here nie vir Dawid toegelaat om die huis vir die Here te bou nie, maar wel vir Salomo? As die tempel in elk geval gebou is, hoekom kon Dawid dit nie bou nie? Die rede word vir ons in 1 Kron 22:8-9 gegee – lees dit. Die rede wat gegee word, is dat Dawid te veel bloed vergiet het. Daarteenoor sal Salomo 'n rustige man wees, wat rus en kalmte sal beleef tydens sy regering, en daarom mag hy die tempel bou. Om dit te verstaan, moet ons onthou wat ons geleer het in ons onlangse bestudering van die tempel: Die tempel is ook 'n simbool van Jesus, en terselfdertyd is die tempel ook 'n simbool van die verlostes, die gelowiges. Onthou die beeld van Ef 2:20-22 – lees dit. Hier lees ons dat Jesus die hoeksteen van die tempel is, die apostels en profete is die fondament van die tempel, en die gelowiges is die gebou self. Wanneer het Jesus gekwalifiseer om die hoeksteen vir die tempel te kan wees? Tog sekerlik toe Hy Sy eenmalige volmaakte offer gebring het aan die kruis – dit was aan die einde van Sy aardse lewe. Daardie stryd van Jesus tydens Sy lewe op aarde, en veral aan die einde van Sy lewe aan die kruis, word afgebeeld deur die oorloë wat Dawid moes voer. Kort na Jesus die oorwinning behaal het, kort na Hy die hoeksteen geword het vir die tempel, het Hy opgevaar na die hemel en as Koning en Hoëpriester in die hemel gaan sit om vir ewig te regeer. Maar toe stuur Hy die Heilige Gees – en die Heilige Gees wat gekom het na Jesus weg gegaan het, getuig van sonde, geregtigheid en oordeel, die Heilige Gees werk geloof in mense harte, die Heilige Gees bou die tempel – op die hoeksteen van Jesus se werk, deur die werk van die apostels en die profete – Hy bou die stene in die tempel in. Maar Hy het gekom na Jesus weg is – soos wat Salomo die tempel gebou het na Dawid weg is.

<u>Die betekenis van die verbond met Dawid.</u>

Ek het voortdurend na hierdie gebeure verwys as die sluiting van die Dawidverbond – maar behalwe in die opskrif aan die begin van die hoofstuk "Verbond met Dawid" (en ons weet hierdie opskrifte is later ingevoeg en is nie as sulks deel van die Here se openbaring nie), is daar geen aanduiding in die hele hoofstuk dat ons hier 'n verbondsluiting het nie. Hoekom is ons so seker dat dit wel 'n verbondsluiting was? Wel, in 2 Sam 23:5 waar ons Dawid se laaste woorde lees, verwys hyself na die feit dat die Here met hom 'n ewige verbond gesluit het. Miskien is dit selfs nog duideliker in Ps 89:4-5 – lees dit. Hier is dit baie duidelik dat die Here met Dawid 'n verbond gesluit het en volgens die verbond beloof die Here om Dawid se nageslag en sy troon in stand te hou vir altyd – dit is juis die inhoud van 2 Sam 7.

En juis dit is die essensie van die Dawidverbond: Die Here het aan Dawid beloof dat Hy vir Dawid 'n ewige koningshuis sal gee van wie Sy troue liefde nooit sal wyk nie. Ja, weliswaar sal Dawid nie persoonlik vir ewig regeer nie – maar sy nakomelinge sal wel – hierdie nakomelinge wat op sy troon sal regeer, sal sy fisiese afstammelinge wees. Die Here beloof aan Dawid 'n ewige koningshuis. As ons aan die verdere openbaringsgeskiedenis dink, sien ons dit realiseer: vir die volgende 400 jaar was daar voortdurend iemand uit Dawid se nageslag wat geregeer het – ten minste oor die suidelike twee stamme, Dawid en Benjamin – dit is 'n bewys van die Here wat die verbond met Dawid in stand gehou het. Maar toe gebeur die ballingskap. En na die ballingskap is dit nie so duidelik wat van die Dawidverbond geword het nie – ek wil nie nou daarop uitbrei nie – ek hoop om volgende week aandag hieraan te gee. Maar, ek glo, ons verstaan ook almal dat Jesus op die ou end die vervulling is van die Dawidverbond. Hy het onder andere as Koning gekom, Hy het die kop van die slang vermorsel, en toe het Hy aan die regterhand van die Vader gaan sit, vanwaar Hy steeds heers. En soos ons laasweek gesien het, met Sy wederkoms sal Hy ook Sy troon in die nuwe Jerusalem vestig, vanwaar Hy werklik vir ewig sal heers. Begin jy verstaan hoe groot die naam is wat die Here onderneem het om vir Dawid te gee? Dawid, as koning, se naam sal weens die sluit van hierdie verbond, gekoppel wees aan die Naam van die Here Jesus, wat die Opperkoning is. Verstaan jy hoekom die Here dit so op Dawid se hart gedruk het dit is die Here wat dit alles bewerk, en dat hierdie verbond deel is van die groter prentjie waarmee die Here alreeds vir lank besig is – Dawid moet nederig bly ten spyte van sy groot naam.

Maar hoekom het die Here dit alles in 'n verbond opgesluit? Omdat ons hier 'n groot ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis het. As jy die verlossingsproses van die Here wil begryp, moet jy seker maak jy verstaan die onderskeie verbonde van die Here – hulle vorm die hoogtepunte van die verskillende dele van die verlossingsproses. Kom ons kyk kortliks daarna: Direk na die sondeval het die Here verlossing beloof deur 'n genadeverbond met Adam en Eva te sluit. Die verlossing sal kom deur Een uit die nageslag van die vrou. Op daardie stadium het ons geweet daar gaan verlossing wees deur 'n Verlosser uit die vrou se nageslag, maar ons het nie geweet hoe die Here die sondeskuld vraagstuk, die sondegeneigdheid vraagstuk en die vermorseling van die duiwel se kop gaan aanspreek nie.

Toe kom die verbond met Noag – en ons leer dat die Here wel gaan oordeel, Hy gaan dus sondeskuld straf. Maar Hy gaan sommiges red tydens die oordeel – uitgebeeld deur Noag in die ark. Die Here het egter ook vir ons geleer Hy stel die oordeel uit tot aan die einde van die tyd, en sodoende skep Hy tyd vir die uitvoering van Sy verlossingsplan.

Daarna kom die verbond met Abraham – en die Here leer ons Hy gaan baie red (Abraham sal 'n groot nageslag hê), en Hy gaan aan hulle 'n perfekte woonplek gee. En wat ook duidelik word is dat diegene wat gered gaan word, diegene gaan wees wat die Here se beloftes glo. Presies hoe die verlossing prakties gaan realiseer was egter nog onduidelik.

Toe kom die Sinaiverbond. Nadat die Here Sy volk eiehandig op wonderbaarlike wyse uit Egipte verlos het, maak Hy dit duidelik Hy verwag van Sy verloste volk gehoorsaamheid, en Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak. En Hy gee ook Sy wet en die voorskrifte vir die tabernakel, saam met die priester en die offerdiens. En so leer ons hoe die Here daardie eerste vraagstuk van sondeskuld gaan aanspreek – dit gaan gebeur deur 'n offer wat 'n hoëpriester bring. Maar die hoëpriester is nie Aäron nie, en ook nie Eli nie – nee, hulle is net tipes van die Here Jesus, wat die ware Hoëpriester sal wees en die eenmalige volmaakte offer sal bring. Nou verstaan ons ook hoe die verlostes priesters gemaak sal word.

Dit word opgevolg met die Dawidverbond. Dit word duidelik dit is die koning wat die kop van die duiwel gaan vermorsel – Dawid is 'n tipe van die Here Jesus wanneer hy Goliat doodmaak. In die Dawidverbond beloof die Here aan Dawid 'n ewige koningshuis – Dawid gaan nie ewig koning wees nie, maar sy koningshuis gaan ewig wees. En heelwat later kom Jesus uit die nageslag van Dawid, as deel van Dawid se koningshuis, en Hy vermorsel die slang se kop, en Hy heers sedertdien en sal vir ewig heers – in lyn met die Dawidverbond. So leer ons hoe vraagstuk 3 in die Here se verlossing aangespreek word. So leer ons ook hoe die verlostes 'n koninkryk word. As jy die Sinaiverbond en die Dawidverbond kombineer, sien jy hoe die Here die verlostes 'n koninkryk van priesters gaan maak – soos wat Hy al in Eks 19 beloof het, soos wat ons gesien het Adam en Eva al priesters en konings was voor die sondeval. Al met al 'n reuse stap vorentoe in die bekendmaking van die Here se verlossing.

Maar, kan jy vra, is die Dawidverbond 'n genadeverbond? Definitief ja! Onthou hoe die Here aan Dawid beloof het selfs as sou die konings wat regeer as deel van Dawid se koningshuis van die Here afdwaal, sal die Here nie Sy troue liefde onttrek soos wat die Here met Saul gedoen het nie. Ja, die Here sal die oortreders straf, maar die Here se troue liefde sal nie teruggetrek word nie. Dit is die enigste rede hoekom die verbond vir ewig kan staan – ons kan verwag dat alle menslike konings uit Dawid se nageslag op 'n stadium gaan afdwaal – maar dan is die Here se konstante, volgehoue troue liefde wat die verbond in stand hou – totdat die Here 'n Koning uit Dawid se nageslag gee wat volmaak gehoorsaam is, en wat dus vir ewig kan regeer – Die Here Jesus self.

Waar sou ons wees as dit nie vir troue liefde van die Here was nie – die Here wat Sy beloftes nakom selfs al is ons ongehoorsaam en ontrou. As dit nie vir die Here se troue liefde was nie, was ons almal verlore.